

DEEL II IMPLEMENTERING VAN CHRISTELIK-NASIONALE ONDERWYSBEGINSELS IN DIE BESTAANDE ONDERWYSSTRUKTUUR IN SUID-AFRIKA

HOOFSTUK XV DIE HUIDIGE TOESTAND IN DIE ONDERWYS IN SUID-AFRIKA AS DIE GEVOLG VAN WETGEWING¹⁾

1. Inleiding

In deel I van hierdie werkstuk is die hoofmomente van die Christelik-nasionale Opvoedkunde aangeteken sodat daaruit afgelei kan word wat nou eintlik Christelik-nasionale onderwys is. Dit is dus die ideaal wat geskets is. Maar die praktyk is 'n ander saak. In Suid-Afrika word so graag van Afrikaanssprekende kant beweer dat die onderwys wel Christelik-nasionaal is,²⁾ maar die bewysgronde vir so 'n stelling is deurgaans onvoldoende. 'n Ontleding van die wetgewing van die verlede en die hede sowel as 'n empiriese ondersoek om vas te stel hoe Christelik-nasionaal die onderwys in Suid-Afrika is, word in hierdie werkstuk vir die eerste keer onderneem. Die bevindinge sal dan 'n aanduiding wees van die implementering van Christelik-nasionale onderwysbeginsels in die verlede, sodat daaruit vasgestel kan word in welke mate Christelik-nasionale onderwysbeginsels reeds geïmplementeer is. Daaruit sal dan duidelik word of dit nodig is dat verdere implementering deur wetgewing, regulasies en die praktyk moet plaasvind.

-
- ¹⁾ Historiese gegewens is uit die volgende bronne geput en verwerk:
- Bot, A.K. Onderwys in die Unie van Suid-Afrika
- Coetzee, J.C. Die gereformeerde beginsel in die onderwys in Transvaal, 1859-1937
- Coetzee, J.C. Inleiding in die Historiese Opvoedkunde
- Coetzee, J.C. Onderwys in Suid-Afrika, 1652-1956
- Du Toit, P.S. Onderwys in Kaapland, 1652-1969, 'n historiese oorsig
- Eby, F. The development of modern education
- Hanekom, T.N. Die liberale rigting in Suid-Afrika, 'n kerk-historiese studie, Vol I
- Pistorius, P. Gister en vandag in die opvoeding
- Snyman, J.J. 'n Histories-kritiese studie van die Smuts-onderwyswet van 1907
- Van der Schijff, W.G. Die gereformeerde beginsel in die onderwys in in Transvaal tot 1963

- ²⁾ Dit word dikwels in toesprake gehoor.

In die verlede, veral vanaf ongeveer 1880-1907, is in Transvaal heel dikwels van Christelik-nasionale onderwys gepraat.³⁾ Die onderwys van daardie dae kan as die tradisionele Christelik-nasionale onderwys van die Afrikaanssprekende gemeenskap beskou word. Maar 'n vergelyking met wat in deel I van hierdie werkstuk aangeteken is mag nie uitbly nie. Indien die opvattinge van daardie tyd volledig in die onderwys geïmplementeer was, is dit nog nie vanselfsprekend dat die onderwys volslae Christelik-nasionaal was nie.

Die feit dat Wet 39/67 deur die parlement geloods moes word, is bewys dat die landsregering nie tevrede was met die toestande in die onderwys nie.⁴⁾ Besprekings in die parlement het dit ook aangetoon.⁵⁾

Die reaksie van die politieke opposisiepartye sowel as dié van baie Engels georiënteerde onderwysmanne het die verskille tussen die tradisionele Christelik-nasionale onderwys en die tradisionele Engelse onderwys opnuut onderstreep.⁶⁾ Die vrees dat die andersdenkendes deur wetgewing verplig sal word om die Engelse opvattinge oorboord te gooi en onder dwang die Christelik-nasionale opvattinge van die Afrikaner met huld en muid oor te neem, was ook polities geïnspireerd. Die vraag of die wetgewers wel sulke stappe in gedagte gehad het of nie, word nie in hierdie werkstuk ondersoek nie. Die blote feit dat 'n aansienlike deel van die Suid-Afrikaanse bevolking nie Christelik-nasionale onderwys onderskryf nie, noodsaak 'n ondersoek na verskilpunte en die uitwerking wat dit op die implementering van Christelik-nasionale onderwysbeginsels in die verlede gehad het sowel as 'n besinning oor die wyse waarop die uiteenlopende tradisionele onderwysopvattinge van Afrikaans- en Engelssprekendes in die toekoms deur wetgewer en opvoeder behandel moet word.

Dit bring dan die vraagstuk van 'n kompromis na vore. Pogings van die verlede, bv. deur Burgers⁷⁾ en Smuts,⁸⁾ sowel as die huidige toestand waar daar nie gedifferensieer word op grond van geloofsoortuiging of lewensopvatting nie, sal ondersoek moet word. Die onwrikbaarheid van die ware Christelike opvattinge verskaf die eerste kriterium vir die

³⁾ Pistorius, P. Op. cit., p. 304-320

⁴⁾ Wet 73/69 bevat geen nuwe beginsels nie en was net bedoel om Wet 39/67 aan te vul.

⁵⁾ Koerantverslae

⁶⁾ Spesifieke gevalle word beskryf op p. 267-270 hieronder.

⁷⁾ Coetzee, J.C. Red. Onderwys in Suid-Afrika 1652-1956, p. 267

⁸⁾ Ibid., p. 280

beoordeling van enige kompromis: DIE CALVINISTIES-CHRISTELIKE GEMEENSAP IS GERECHTIG OP SUIWER CHRISTELIK-NASIONALE ONDERWYS. Onderzoek moet dus ingestel word om te bepaal of die ganse Christelik-nasionale onderwys behoue gebly het en of dit verder uitgebou is in die kompromiswetgewing. Indien nie, moet onderzoek word of aansuiwering van dié wetgewing sake in die reine kan bring, en dit sonder om die andersdenkendes se opvattinge geweld aan te doen.

'n Wet waarborg egter nog nie die korrekte toepassing daarvan nie. Die ware toedrag van sake in die onderwys, wat nie noodwendig deur regulasies of ander administratiewe maatreëls bepaal word nie, moet ook ondersoek word. Hierdie ondersoek regverdig 'n afsonderlike hoofstuk.

Die nasionale aspek van Christelik-nasionale onderwys het met die koms van die Hugenote (1688) op die voorgrond gekom, maar aangesien die Franse weldra in geheel deur die plaaslike bevolking opgeneem is, het hierdie saak nog nie van aktuele belang geword nie. Dieselfde het gebeur toe kleiner gro^epe uit ander lande, bv. Duitsland, na Suid-Afrika gekom het. Met die koms van die Engelse in 1795 het die nasionale aspek van die hele volkslewe van aktuele belang geword. Sedertdien is belangrike wette in hierdie verband uitgevaardig.⁹⁾

2. Voorgeskiedenis tot ongeveer 1880

(a) Toestande in Europa ongeveer 1652

Die eerste blanke nedersetters in Suid-Afrika het mense uit Holland hierheen gebring. Geografies is Holland taamlik sentraal geleë in Europa. Daarby was Holland destyds 'n belangrike handelsland met voldoende kontak, ook op ander gebiede as die handel, met die res van Europa. Die onderwystoestande waaraan die eerste nedersetters gewoond was, het dus vanselfsprekend onder invloed van dié van die buurlande van Nederland gekom.

Die sterkste enkele stroom in die denke van die Hollanders was dié van die Reformasie.¹⁰⁾ Die stryd tussen Rooms-Katoliek en Protestant het reeds meer as 'n eeu gewoed. As oorwegend Calvinisties-protestantse bevolking het die Hollanders dan ook diep onder die indruk van die opvoedingsbeginsels van Calvyn gekom.¹¹⁾ Die kiem van Christelik-nasionale

⁹⁾ Meer aandag word hieraan geskenk op p. 242-245 hieronder.

¹⁰⁾ Coetzee, J.C. Inleiding tot die Historiese Opvoedkunde, p. 183-193

¹¹⁾ Deel I van hierdie werkstuk is grootliks op hierdie beginsels gebou.

onderwys: het dus saam met Jan van Riebeeck na die Kaap gekom.¹²⁾ Die volksplanting is wel nie deur opvoedkundige motiewe geïnspireer nie, maar die gees van die Calvinisme, wat die siel van Christelik-nasionale onderwys is, was wel teenwoordig, soos getuig uit die gebed van Jan van Riebeeck pas nadat hy voet aan wal gesit het in Tafelbaai.

Maar aan die wysgerige front was daar nog ander strominge aan die woel. Sedert die vyftiende eeu het talle humanisties gekleurde denkrigtings verskyn.¹³⁾ Ten spyte van verskilpunte was daar die een groot gemeenskaplike beginsel: die Antroposentrisme, wat net nie met Calvinisme verenigbaar is nie. Selfs die suiwer Rooms-Katolisisme verwerp Antroposentrisme. Hierdie kloof was heel vroeg reeds duidelik waarneembaar, en pogings om tot 'n vergelyk te kom, het nie uitgebly nie. In Rotterdam het Desiderius Erasmus enkele dekades voor Jan van Riebeeck se verhuising na die Kaap reeds 'n sintese van Teosentrisme en Antroposentrisme probeer.¹⁴⁾

Die middel van die sewentiende eeu (die tyd toe die eerste Hollanders na Suid-Afrika geëmigreer het) was egter 'n tydperk waarin die Realisme sterk op die voorgrond getree het. Dit was egter net 'n vertakking van die Humanisme met die klem op die realia in plaas van op God. En hoewel Comenius, 'n tydgenoot van Jan van Riebeeck, skynbaar 'n vurige Christen was volgens sy werke geoordeel, was sy realistiese opvattinge in wese 'n Pansofie¹⁵⁾ wat nie met Calvinisme gerym kan word nie.

Die eerste blanke nedersetters in Suid-Afrika was nie opvoedkundig onderlê nie, en die klagte oor onvoldoende opgeleide onderwysers sou baie jare later nog gehoor word. Nogtans het die geskifte oor die pasgenoemde strominge wat nie met Calvinisme gerym kan word nie, nie in universiteitsbiblioteke versteek gebly nie. Die gewone burger se lewensuitkyk moes noodwendig ook deur daardie gedagtes beïnvloed word, al was dit hoe gering.

Nietemin, die wortel van Christelik-nasionale onderwys is deur Jan van Riebeeck en sy makkers op 8 April 1652 in Suid-Afrika geplant, al was daar nie skoolkinders op die skepies wat die nedersetters van Holland na Tafelbaai gebring het nie. Die tradisie van Christelik-nasionale onderwys is dus ruim oor die 300 jaar oud.

¹²⁾ Pistorius, P. Op. cit., p. 262

¹³⁾ Coetzee, J.C. Inleiding in die Historiese Opvoedkunde, p. 212-233

¹⁴⁾ Pistorius, P. Op. cit., p. 114-115

¹⁵⁾ Ibid., p. 138 en Coetzee, J.C. Op. cit., p. 222-225

(b) Onderwyswetgewing in Suid-Afrika tot 1795

In die vorige subparagraaf is daar nie van wetgewing melding gemaak nie, maar die gees van die vroeë Kaapse wetgewing is wel beskryf.

Die Verenigde Oos-Indiese Kompanjie het in handelswinste belang gestel en was nie juis begaan oor onderwys en opvoeding nie. Daarom het die eerste burgers met kinders van skoolgaande ouderdom maar self die onderwys-taak na die beste van hulle vermoë aangepak. Die gees van vrome Godvrug-tigheid het sigbaar geword, veral daar die meeste skole onder beheer van die plaaslike kerkraad gestaan het.¹⁶⁾ Die wetgewing en ook die voorgestelde wetgewing waarin die Calvinistiese beginsels duidelik waar-neembaar was, sou egter nie uitbly nie, soos blyk uit die volgende ge-valle:

(i) Die Ordonnansie van Goewerneur De Chavonnes, 1714

Vir die doel van hierdie werkstuk kan die volgende bepaling van dié ordonnansie as die belangrikste beskou word:¹⁷⁾

* By die keuring van onderwysers kon slegs dié wat „in leere en leewe“ bevredigend was, gelisensieer word. Daarmee is bedoel dat hulle bewys moes lewer dat hulle deur 'n voorbeeldige Christelike lewenswandel aan die leerlinge leiding kon gee. Hiermee is die Christelik-nasionale onderwysbeginsel van leiding en begeleiding na God toe deur wetgewing vasgestel, al is hierdie woorde nie in De Chavonnes se ordonnansie te vinde nie. Die praktiese implementering het nou wel nie so vlot verloop as wat die plaaslike Kaapse regering gehoop het nie, maar 'n poging tot implementering van hierdie Christelike beginsel is wel aangewend.

* Die leerinhoud van die skool moes die volgende insluit: Die Gebed van die Here, die Wet van die Here, die Geloofsbelydenis, verskillende gebede, die Heidelbergse Kategismus en gewyde sang. Hiermee is reëlreg op die daaglikse implementering van die Christelike beginsels in die skool gemik. (Die Heidelbergse Kategismus en die Geloofsbelydenis is om die een of ander rede afsonderlik genoem. Die Gebed en die Wet van die Here word vandag nog in sillabusse vir Godsdiensonderrig in Suid-Afri-kaanse skole aangetref, maar die ander gebede en die K^ategismus nie.) So is dit dan opmerklik dat die skool van 250 jaar gelede 'n duidelike tendens tot voorbereiding vir die belydende lidmaatskap van die kerk vertoon het, sodat daar 'n eerlike poging tot implementering van dié

¹⁶⁾ Pistorius, P. Op. cit., p. 269-271 en Coetzee, J.C. Op. cit., p. 10-11

¹⁷⁾ Coetzee, J.C. Op. cit., p. 3-4

Christelike onderwysbeginsels was. Trouens, die opvattinge van die eerste blanke bewoners van Suid-Afrika was sodanig dat hierdie dinge as vanselfsprekend beskou is, sodat die ordonnansie eintlik net 'n vaslegging in die wetgewing van 'n reeds bestaande tradisie was.¹⁸⁾

* 'n Predikant sou sitting hê op die Raad van Skolarge, die liggaam wat eintlik die onderwys aan die Kaap moes beheer. Die beginsel van samewerking tussen kerk, staat en skool is hiermee erken, en daarmee is nog 'n poging aangewend tot implementering van 'n belangrike Christelik-nasionale onderwysbeginsel.

Hier dien egter vermeld te word dat 'n predikant die hoof was van die eerste skool wat 'n ooreenkoms met die hedendaagse sekondêre onderwys toon, terwyl benewens die staatskole die diakonieskole bly voortbestaan het.¹⁹⁾

Die nasionale aspek van die onderwys is nie deur die ordonnansie geraak nie, waarskynlik omdat dit nie nodig geag is nie. Daar moet nogtans vermeld word dat hoewel die Kaapse blanke bewoners as Hollandse burgers beskou is, hulle reeds vaste inwoners van die Kaap was, wat hulle eie taal, kultuur, sosiale omgang, ens. aan die ontwikkel was. Maar aangesien daar ter plaatse geen nasionale stryd teen anders Euro-peërs gevoer is nie, en die inboorlinge en slawe feitlik geen bedreiging vir die blankes se volkseie ingehou het nie, aangesien die blankes se kultuur ver bo dié van die inboorlinge en slawe gestaan het, het die nasionale aspek nog geen besondere aandag in die onderwys en nog minder in die wetgewing geniet nie.

(ii) Die Memorie van Spenlin, 1788²⁰⁾

Hoewel hierdie memorie nie verder as voorgestelde wetgewing gevorder het nie, was dit belangrik omdat dit die betreurenswaardige toestand in die onderwys as gevolg van die tekort aan behoorlik opgeleide onderwysers duidelik aangetoon het. Daarin word geen nuwe Christelik-nasionale onderwysbeginsels aangetref nie, maar die gebrek aan implementering van reeds aanvaarde opvattinge word sigbaar daarin. Spenlin se voorstel dat 'n opleidingsinstituut in die lewe geroep moet word en die Raad van Skolarge se voorstel dat bekwame onderwysers uit Nederland ingevoer moes word, dui albei op die goeie bedoelinge.

¹⁸⁾ Lees ook Van der Schijff, W.G. Op. cit., p. 44

¹⁹⁾ Pistorius, P. Op. cit., p. 20

²⁰⁾ Ibid., p. 271-272

(c) Die Memorie en Skoolorder van De Mist, 1804²¹⁾

In 'n afdeling van die memorie word spesiaal gewag gemaak van „godsdiens, opvoeding, beskawing." Dit skep die indruk van 'n ware Christelike gees, maar die skoolorder toon ondubbelsinnig dat De Mist onder die invloed van die humanistiese denke, veral van die Franse Rewolusie, gekom het en toe 'n poging tot versoening van die Christelike en antroposentriese opvattinge aangewend het. Vir die saak van Christelik-nasionale onderwys is die volgende punte van belang:

* Meer klem op die nasionale aspek

Die Raad van Skolarge is vergroot, en die kerklike verteenwoordigers het die minderheid gevorm. Die burgerlike meerderheid verteenwoordig die gees van nasionalisme van die Franse Rewolusie. Waar kerklike verdeeldheid in die verlede skadelik was vir die eensgesindheid van die bevolking, poog De Mist nou om deur middel van groter buitekerklike beheer die nodige nasionale solidariteit te verkry.

Hiermee is vir die eerste keer in die Suid-Afrikaanse wetgewing 'n poging tot afwyking van Christelik-nasionale onderwysbeginsels te vinde. Wanneer burgerlikes onder invloed van die Franse Rewolusie die beheer verkry, kan daar nie meer van suiwer Christelik-nasionale onderwys gepraat word nie, al word die medeseggenskap van die kerk erken.

* Staatsbeheer in plaas van kerklike beheer

Hierdie beginsel kan heilsaam wees wanneer die nasionale regering hom geroepe voel om in opdrag van God op te tree. Dan kan daar wel 'n eerlike poging aangewend word om suiwer Christelik-nasionale onderwysbeginsels te implementeer. Maar wanneer die owerheid reeds sterk beïnvloed is deur humanisties+antroposentriese denke, kan daar nie meer beweer word dat daar in Godgeroepenheid opgetree word nie. Die verdere verloop van die geskiedenis het baie duidelik aangetoon dat die buitekerklike beheer baie maklik 'n weg kan volg wat afwyk van die Christelike.²²⁾

* Staatsteun

Hierdie beginsel is vandag so vanselfsprekend dat dit nie bevraagtekem of selfs in herooringeneem word nie. Die probleem by kerklike beheer was hoofsaaklik finansieel van aard, en selfs vandag kla baie kerk=

²¹⁾ Ibid., p. 276-278 en Coetzee, J.C. Op. cit., p. 33-34

²²⁾ Voorbeelde ter staving van hierdie bewering sal aangehaal word op p.228-233 hieronder.

rade dat hulle ternouernood die nodige fondse vir kerklike sake byeen kan bring. Die staat is by magte om belastings te hef en die kerk nie. Daarom kan die staat veel beter as die kerk in die finansiële behoeftes van die onderwys voorsien. Indien die staat dan die finansiële las geheel of gedeeltelik op sy skouers neem, spreek dit vanself dat die owerheid ^{seggenskap} oor die besteding van gelde as voorwaarde vir die verleende steun sal stel. Nou kan dit ook hierin gebeur dat daardie gedeeltelike of algehele beheer van die staat in diens van God mag staan, maar dit kan ook nogtans afwyk van die ware weg van Christelik-nasionale onderwys. Dis nie elke regering wat homself geroepe voel om as instrument in die hand van God op te tree nie. Die ideale vennootskap tussen huis, kerk, staat en skool kan slegs bereik word as die huis, staat en skool ook teosentries georiënteer is. Wanneer dit nie die geval is nie, kan die finansiële steun so maklik as hefboom gebruik word om die wil van die regering op die skool af te dwing. Dit het dan ook meermale gebeur, bv. in die geval van Lord Charles Somerset.²³⁾

* Onderrig van en in die moedertaal

De Mist het nie 'n stryd gevoer teen die oorheersing van Latyn of Engels nie, maar aangesien die blanke bevolking van die Kaap reeds van so 'n heterogene aard was dat slegs die helfte Hollandssprekend was, het hy gevoel dat die moedertaal as volkseie deur wetgewing beskerm moes word. Daarom is bepaal dat alle staatsamptenare (onderwysers ingesluit) Hollands magtig moes wees. Hiermee is 'n belangrike Christelik-nasionale onderwysbeginsel wetlik geïmplementeer.

* Onderwysdoel

In plaas van die tradisionele kerklike doel het nou 'n sekulêre doel, nl. die volkseenheid, gekom. Die humansitiese kleur word weer sigbaar in die gedagte dat burgerlike of staatsbeheer die nodige eenheid kan bewerkstellig en die kerk nie. Die geskiedenis het oor en oor bewys dat die antroposentries intellektualistiese benadering juis op verdeeldheid uitloop. Daarom word daar maar min spore van nasionale eenheid in so baie lande gevind. Dis niks buitengewoons as een land vyf, tien of meer politieke partye met radikale verskille het nie.

Hiermee word dan radikaal afgewyk van die Christelik-nasionale doel van die onderwys en opvoeding.

Hierdie ordonnansie het egter 'n korte lewensduur gehad en kom uit

²³⁾ Lees p. 217-218 hieronder.

die aard van die saak nie veel invloed uitoefen nie. Die tradision~~ne~~pel Christelike gemeenskap aan die Kaap het egter die humanistiese bedreiging vir die eerste keer aan sy lyf gevoel.

(d) Die Britse wetgewing van voor die Groot Trek²⁴⁾

Die eerste Britse besetting (1795-1803) is nie as 'n permanente reëling beskou nie, maar die tweede (1806 en later) wel. Daarom het die botsing tussen die Boere en die Engelse as gevolg van hulle radikaal verskillende lewensuitkyk hoe langer hoe heftiger geword. Dit het op die ou end uitgeloop op die Groot Trek. Sake aanger~~oer~~ in die wetgewing wat Christelik-nasionale onderwysbeginsels geraak het, was die volgende:

(i) Die Anglisasiebeleid²⁵⁾

Hierdie beleid was bedoel om deur middel van wetgewing alles aan die Kaap te verengels sodat die ideaal van die „next generation Englishmen" verwesenlik kon word. Die skool is ingespan as een van die belangrikste wapens wat tot gedwonge implementering van die tradisionele Engelse lewenswyse moes lei. Christelik-nasionale onderwysbeginsels wat hiermee geweld aangedoen is, is die volgende:

* Die ware Christelike doel is vervang met 'n suiwer politieke doel. Dit het nog verder gegaan as dié van De Mist, aangesien dit nie 'n versoening tussen Boer en Brit beoog het nie, maar 'n poging om die andersdenkende Boer te maak soos die Brit hom wou hê.

* Die beginsel van moedertaalonderrig is eenvoudig oorboord gegooi. Ten spyte daarvan dat die Engelssprekende deel van die bevolking ver in die minderheid was, is bedoel om Engels die enigste taal aan die Kaap te maak.

* Die Kaapse nasionalisme moes prysgegee word vir die Engelse. As Somerset en sy kollegas hulle sin kon kry, sou slegs die bodemperspektief van die nasionale aspek van die onderwys oorgebly het, omdat daar nooit beoog is om die Kaapse inwoners na Britse bodem oor te plaas nie.

* Die leerinhoud van die skool sou hoofsaaklik sekulêr van aard wees. Waar Godsdiensoonderrig voorlopig nie afgeskaf is nie, was die bedoeling nietemin glad nie dat dit die voorbereiding moes wees vir die aflê van geloofsbelydenis of iets van hierdie aard, wat bedoel was om die kind nader aan God te bring nie. Die integrasie van Bybelse en seku-

²⁴⁾ Goetzee, J.C. Red. Op. cit., p. 39-50 en Pistorius, P. Op. cit., p. 281-289

²⁵⁾ Lees ook Snyman, J.J. Op. cit., p. 63-69.

lêre leerinhoud kon daar vanselfsprekend geen sprake wees nie.

(ii) Staatsbeheer

Hoewel Cradock met die instelling van die Bybel- en Skoolkommissie in 1813 die kerklike amptenare weer in die meerderheid gebring het, het Somerset en sy opvolgers al verder en verder beweeg op die pad van algehele staatsbeheer, maar nie 'n staatsbeheer wat homself onder die gesag van God geplaas het nie. Die humanistiese gees waarin die wette opgestel is, was juis gevaarlik vir die voortbestaan van Christelik-nasionale onderwysbeginsels. Met die aanstelling van Rose-Innes, 'n ingevoerde Engelse onderwyser, as eerste Superintendent van Onderwys, in 1839, is die beheer finaal in sy geheel in die hande van die staat geplaas.

(iii) Finansiële steun as wapen om die angliseringsbeleid af te dwing

Skoolouers van die tradisionele Kaapse skool moes skoolgeld betaal, soms die hele bedrag, soms net 'n deel. Die kerk het nog altyd hard probeer om so ver moontlik finansiëel te steun. Nou het Somerset besef dat die anglisasiebeleid nie deur die tradisionele skool uitgeleef sou word nie. Die ouers sou in verreweg die meeste gevalle verkies om hulle kinders waar moontlik na die private skole te stuur, want daar sou hulle 'n Christelik-nasionale opvoeding ontvang. Daar sou die Bybel eerste wees en Hollands sou nie deur Engels vervang word nie. Die tradisievolle Boer sou nooit vrywillig verengels kon word nie. Daarom het Somerset die stelsel van gratis Engelse primêre skole met Engelse onderwysers, wat by voorkeur ingevoer moes word, ontwerp. Selfs vir sekondêre skole sou die regering die grootste deel van die finansies voorsien. Op hierdie wyse, so het hy gereken, sou die privaatskole nie kon meeding met die staatskole nie, veral omdat die Boere in baie gevalle nie juis welgesteld was nie. Die grensoorloë, die vrystelling van die slawe en ander faktore het die finansiële posisie van die Boer nadelig beïnvloed. Verder sou die ingevoerde onderwysers veel beter opgelei en bekwaam as dié in die privaatskole wees. Hiermee is bedoel dat hulle oor veel meer sekulêre kennis sou beskik en dit doeltreffender kon oordra.

Die beoogde vernietiging van die tradisionele Christelik-nasionale onderwys het nie volgens plan verloop nie, maar het nietemin baie nie-Christelik-nasionale gedagtes in die skool gebring. Dit sou later uitloop op die skool sonder die Bybel.²⁶⁾

²⁶⁾ By die geskiedenis van S.J. du Toit sal hierdie saak verdere aandag geniet. Lees p. 220-223 hieronder.

(e) Die Groot Trek en die eerste jare van die Boererepublieke²⁷⁾

Die bietjie onderwys wat gedurende die Trek moontlik was, was weer reg in die gees van Christelik-nasionale onderwys. Die kinders moes bv. leer lees sodat hulle self die Bybel kon lees. Verder het die onderwys ook voorsiening gemaak vir die aflê van die geloofsbelydenis. Dit sou ook 'n private aangeleentheid wees met die grootste deel van die beheer in die hande van die kerk.

Die Voortrekkergrondwet van 1838 het egter die beginsel van gedeeltelike staatsbeheer beliggaam. Daarin is onder andere bepaal dat die owerheid toesig oor die onderwys en godsdiens moes hou en alles moes doen om dit te bevorder.²⁸⁾ Dis opmerklik dat godsdiens en onderwys in een asem genoem word. Hier was dan die geval waar die staat homself onder die beheer van God geplaas het en waar die staatsbeheer bevorderlik vir die implementering van Christelik-nasionale onderwysbeginsels was. Die samewerking van kerk en staat in die onderwys is veral van belang.

In hierdie gees het die onderwys voortgegaan tot dit in 1853 verder in die Christelik-nasionale gesindheid versterk is deur die regulasies wat oorspronklik deur Ds. Dirk van der Hoff opgestel is.²⁹⁾ Daarvolgens was die benoeming van goewermentsonderwysers onderhewig aan die goedkeuring van die kerkraad en sou die regering die salaris betaal terwyl die beheer oor die skool die plig van die kerkraad sou wees.

In 1858 is die grondwet van die Zuid Afrikaanse Republiek, soos oorspronklik deur M.W. Pretorius in 1855 opgestel, aangeneem. Art. 24 daarvan bepaal dat die volk verlang dat kerk en staat (in een sin genoem) opgebou moes word en tot welvaart moes gedy, en dat dit daarom nodig sou wees om „Nederduitsch Hervormde Predikanten en Schoolmeesters“ te vind.³⁰⁾ Dis duidelik dat die regering wel Christelik-nasionaal gesind was. Nadat die genoemde grondwet daartoe gelei het dat die staat die beheer oor die onderwys by die kerkgrade oorgeneem het, was die toestand totaal anders as in die dae van Somerset en sy opvolgers.

Die Reglement van 1866³¹⁾ was 'n verdere belangrike implementering van Christelik-nasionale onderwysbeginsels. Dit het o.a. voorsiening

²⁷⁾ Lees ook Snyman, J.J. Op. cit., p. 69-73

²⁸⁾ Pistorius, P. Op. cit., p. 291

²⁹⁾ Coetzee, J.C. Red. Op. cit., p. 263 en Pistorius, P. Op. cit., p. 291

³⁰⁾ Pistorius, P. Op. cit., p. 292

³¹⁾ Coetzee, J.C. Red. Op. cit., p. 264-266 en Pistorius, P. Op. cit., p. 293

gemaak vir die volgende:

* Onderwysers moes lede van die Protestantse kerk wees.

* Die Algemene Kommissie, bestaande uit drie lede, neem die beheer van onderwys in die hele Transvaal oor. Hulle doen min of meer die werk wat vandag deur die Direkteur van Onderwys, die adjunkdirekteure en die inspektoraat gedoen word.

* Die plaaslike „skoolkommissies" se pligte is só omskryf dat dit neerkom op heelwat meer seggenskap as dié van die huidige skoolkomitees. Lede moes ook protestants wees. Hulle is egter nie deur die ouers gekies nie, sodat die beginsel van ouerverteenwoordiging en die daaruitvoortspruitende samewerking tussen huis en skool nie tot sy volle reg gekom het nie.

Die Algemene Skoolkommissie is egter in 1868 ontbind en tot met die inwerkingtreding van die Burgerswet het die Uitvoerende Raad van die Zuid Afrikaanse Republiek die onderwys beheer.

(r) Die Burgerswet (1874)³²⁾

Met hierdie wet is deels die tradisionele Christelik-nasionale onderwys probeer uitbou en deels probeer om 'n vergelyk te tref met die humanistiese denke. Die invloed van die Kaapse onderwysstelsel was duidelik sigbaar.³³⁾ Die volgende punte is van belang vir hierdie studie:

* 'n Superintendent-generaal neem die sentrale beheer van die onderwys oor. Hy moes protestants wees, maar daarmee word die samewerking tussen die kerk en die staat nog nie verseker nie.

* Die plaaslike skoolkommissies kry meer seggenskap en hulle word deur die ouers verkies. Die landdros of veldkornet word ex officio die voorsitter, of hy verkies is of nie. Hiermee is ouerverteenwoordiging en die gevolglike samewerking tussen huis en skool bevorder.

* Godsdiensonderrig word afgewater deur die bepaling dat geen onder- rig van dogmatiese aard toegelaat word nie. Dit raak die Calvinistiese standpunt direk, aangesien sake van radikale aard, bv. die geloofsbelydenis, nou uit die skool geweier word. Dit word oorgelaat aan kerklike verteenwoordigers wat buite skooltyd wel die skoolgeboue mag gebruik, maar dit kon nie as deel van die skoolgebeure beskou word nie. Ook die

³²⁾ Coetzee, J.C. Red. Op. cit., p. 266-267 en Pistorius, P. Op. cit., p. 296-298 en Snyman, J.J. Op. cit., p. 85-87

³³⁾ By die bespreking van Christelik-nasionale onderwys in die tyd van Ds. S.J. du Toit sal die Kaapse stelsel aandag geniet. Kyk p. 220-223.

tradisionele voorbereiding vir die aflegging van geloofsbelydenis is daarmee verwerp. Aldus moes die skool poog om 'n kompromis tussen verskillende gedagtestrominge te bewerkstellig, sodat De Mist, Somerset en andere se gedagtes van 'n onderwysdoel wat op die volkseenheid gerig is, gehuldig word in plaas van 'n suiwer Christelike doel.

* In die geval van die skole van die Oos-Transvaalse goudvelde, waar baie Engelssprekendes gevind kon word, is toegelaat dat die ouers die voertaal vir die onderwys van hulle kinders kon kies. Dus, die moedertaalonderrig word slegs opsioneel.

Met hierdie wet kon Burgers egter nie veel uitvoer nie, sodat dit die implementering van Christelik-nasionale onderwysbeginsels nie in 'n besondere mate beïnvloed het nie. Die tradisievolle Boerebevolking het te veel weerstand gebied, en die Eerste Anneksasie van Transvaal (1877) het te gou na die wet in werking getree het (1876), plaasgevind. Die Boere noord van die Oranje is egter ontstel deur die liberale aanslag uit die suide, sodat die Burgerswet 'n tydige waarskuwing ingehou het.

3. Die Du Toit-Mansveldt-periode (1881-1900)³⁴⁾

(a) S.J. du Toit se besware teen die Kaapse onderwys³⁵⁾

Gedurende die jare waarin die Kaap onder Britse bewind verkeer het, was die fundamentele vraag of in die skool godsdienis en wetenskap geskei moes word en of hulle onafskeidelik aan mekaar verbonde moes wees. Die Kaapse regering was van mening dat die godsdienis wel van die skool en wetenskap geskei moes word. Dit word die duidelikste weerspieël in Klousule 7 van die Kaapse Onderwyswet van 1865, wat soos volg lui:

„De direkte eener school kan voor het godsdienstig onderwijs der leerlingen voorziening maken, op zulk een uur als voor dat doel door hen wordt afgezonderd, buiten de gewone schooluren; dog geene leerlingen zullen genoodzaakt worden gedurende het uur van godsdienstig onderwijs tegenwoordig te zijn zonder toestemming van ouders of voogden.“³⁶⁾

³⁴⁾ Lees ook Van der Schijff, W.G. Op. cit., p. 147-193

³⁵⁾ Gegewens geput uit Coetzee, J.C. Ds. S.J. du Toit en die onderwys Lees ook Hanekom, T.N. Die liberale rigting in Suid-Afrika, Vol. I, p. 198-203

³⁶⁾ Coetzee, J.C. Ds. S.J. du Toit en die onderwys, p. 69

Hieruit maak Du Toit die volgende afleidings:

* Daar was vier ure per dag beskikbaar vir onderwys (sonder Godsdiens=
onderrig), en dan was die skooldag verby. Die periode vir Godsdiens=
onderrig was addisioneel, opsioneel en is vrywillig bygewoon. Dit het
ook niks te make met die staatstoelae vir onderwysers nie. (Dit kan
vergelyk word met die hedendaagse gebruik om in goedgekeurde gevalle
die skoolsaal tot die beskikking van buiteskoolse instansies te stel.
S.J. du P.)

* Vir daardie vier ure vereis die owerheid 'n vol^{le} sekulêre om=
derwys.

* Godsdiens^{em} Christendom word aldus feitlik uitgesluit uit die
skool.

* Dit verklaar die houding van sommige regeringsamptenare.³⁷⁾ As
voorbeeld word die volgende aangehaal uit „De Zuid Afrikaan” van 21
Junie 1873:

„Ik objekteer tegen eene Christelijke Staathuishoudkunde.”³⁸⁾
(Woorde gebruik deur Prokureur-generaal Porter.)

Ds. S.J. du Toit was nie alleen in sy stryd teen die anti-Christe=
lik-nasionale onderwys-houding nie. Die Nederduitse-Gereformeerde Kerk se
amptelike houding was steeds dat 'n Christelike kerkskool die godsdiens=
lose staatskool moes vervang. So is daar oorgegaan tot die stigting
van privaatskole deur die kerk.

Vir die Christelike skool lê Du Toit die volgende beginsels ne^{er}:³⁹⁾

* Dit moet 'n kerkskool wees. Hy beroep hom veral op Joh. 21, waar
Jesus aan Petrus die opdrag gegee het om sy lammers te laat wei.

* Die wêreldmag kan nie 'n Christelike skool tot stand bring nie,
aangesien dit uiteraard anti-Christelik is. Du Toit verwys dan na I Kor.
2:6-8, waar Paulus sê dat die wysheid van hierdie wêreld sal vergaan,
en dat die wêreld Christus nie sou gekruisig het as dit wys
was nie.

* Die kerk moet alles voorsien wat vir die skool nodig is, omdat die
hele skool en mens aan God behoort.⁴⁰⁾ Die finansiële voorsiening moet

³⁷⁾ Ibid., p. 69-71

³⁸⁾ Ibid., p. 71

³⁹⁾ Ibid., p. 28-31

⁴⁰⁾ Dis opmerklik dat Du Toit nie sê dat die staat ook aan God behoort
nie. Dis waarskynlik die gevolg van sy teleurstelling met die Britse
regering aan die Kaap.

dan níe van die staat kom nie.

As gevolg van latere kritiek het Du Toit sy verset teen staatsteun en-beheer laat vaar. Hy het nl. onderwyshoof van die Zuid Afrikaanse Republiek geword en toe gesien dat 'n regering nie noodwendig anti-Christelik hoef te wees nie.

In verband met die probleem van die skeiding al dan nie van die godsdiens en wetenskap skryf Du Toit in sy boekeie „De Christelike School“:

„Scheiden van wetenschap en godsdienst, van verstand en hart, ziedaar het groot beginsel door onze Schedule ingevoerd, in lijn-rechten strijd met Gods Woord.“⁴¹⁾

Aanvullend haal Du Toit aan uit Gunning se werk „Blikken in de Openbaring“:

„De wetenschap, die waarlijk het bestaande verklaart, moet ontstaan uit een geesteswerkzaamheid van den geheelen mensch, en dus moet, gelijk wij zagen, het godsdienstige, het leven des gewetens, tot grond van alles gesteld worden, zoodat daarop dan al het verder verstandelijke kan worden opgebouwd. Anders is er geen werkelijke wetenschap gevormd, maar ⁱⁿ een blind geloof (in de zin van: vertrouwen zonder zekerheid) volgt de mensch de uitspraken van zijn verstand, na het van het hoogste, eigenlijke licht, dat der rede, beroofd te hebben. ^{1/4} GELOOFLOOZE WETENSCHAP IS GEEN WETENSCHAP, MAAR SLECHTS BLIND BIJGELOOF.“⁴²⁾

Hoewel Du Toit en Gunning dan ander woorde as dié in hierdie werkstuk gebesig het, kom hulle opvattinge merkwaardig ooreen met die omskrywing van die begrip wetenskap. En hoewel Du Toit nêrens praat van die integrasie van Bybelse en sekulêre inhoude nie, is dit in wese wat hy voorgestaan het, en die teenkanting daarteen deur die Kaapse owerheid was eintlik die skyf waarteen hy sy skerpste kritiek gemik het. Dis dan te verstane waarom hy aanvanklik so sterk ten gunste van algehele kerklike beheer oor die onderwys was en selfs gekant was teen die gelidelike steun van die landsowerheid.

Toe hy nou Superintendent van Onderwys van die Zuid Afrikaanse Republiek geword het, het hy die geleentheid te baat geneem om deur middel van sy beheerposisie sy Christelik-nasionale onderwysbeginsels te

⁴¹⁾ Ibid., p. 76

⁴²⁾ Ibid., p. 78

implementeer.

(b) Die Onderwyswet van die Zuid Afrikaanse Republiek van 1882⁴³⁾

Die bepalings van hierdie wet wat van belang is vir hierdie studie, is soos volg:

* Die staat subsidieer die onderwys, hou toesig oor die besteding van fondse en stel Protestants-Christelike onderwysers aan. Daardeur word die samewerking van die staat in die opvoeding verkry.

* Die onderwysers onderrig die Bybelgeskiedenis. Die onderrig van die Calvinistiese leer geskied gedurende die skoolure en word waargeneem deur 'n verteenwoordiger van die kerk, by voorkeur die plaaslike predikant. Hierdie mooi ideaal van die leraar wat ook deeltydse onderwyser is, kon egter nooit na wense in die praktyk verwesenlik word nie, hoofsaaklik omdat daar nog nooit genoeg predikante was nie. Nietemin, die samewerking tussen kerk en skool is hiermee so goed as moontlik bevorder.

* Die voertaal moes Hollands wees. Hierdie taal is destyds algemeen as die moedertaal beskou, want die vrugte op die arbeid van die Genootskap van regte Afrikaners en andere was nog maar minimaal. Nietemin, die beginsel van moedertaalonderrig is hiermee erken en geïmplementeer.

* Die welvaart van die volk as geheel was 'n belangrike doelstelling. Daarmee is die nasionale aspek van Christelik-nasionale onderwys in ag geneem, al was dit nog nie mooi duidelik wat alles met dié aspek bedoel is nie, en al was dit nog effens onseker hoe die nasionale belange die beste bevorder kon word.

* Elke ondersteunde skool word grootliks deur 'n skoolkommissie met meer bevoegdhede as vandag beheer. Dit strook met die gedagte dat die onderwys hoofsaaklik die plig van die ouer en die kerk is.

Hierdie beginsels het besonder goed ingepas by die tradisionele opvattinge van die Boere. Daarom was dit 'n veel groter onderwyssukses as enige vorige reëling. Die ouers het hulle kinders in veel groter getalle as ooit tevore na die skool gestuur. Hier word dan die beste implementering van Christelik-nasionale onderwysbeginsels tot op datum (1974) gevind. Dit was nogtans 'n heel elementêre vorm van Christelik-nasionale onderwys. Dit het nietemin 'n stewige fondament vir toekomstige bostrukture verskaf.

⁴³⁾ Pistorius, P. Op. cit., p. 305-308, Coetzee, J.C. Red. Onderwys in Suid-Afrika 1652-1956, p. 269-271 en Snyman, J.J. Op. cit., p.

(c) Die Mansveldt-periode (1891-1900)⁴⁴⁾

Die Skoolwet van 1892 het eintlik geen nuwe beginsels bevat, en was slegs 'n bostruktuur op die Onderwyswet van 1882. Die administrasie is verder opgeknep en uitgebrei, maar wat die Christelik-nasionale onderwysbeginsels betref is feitlik geem verandering aangebring nie. Mansveldt het egter die bepallings in verband met moedertaalonderrig strenger toegepas, bv. deur te bepaal dat alle leerboeke vir skoolkinderen in Hollands geskryf moes word.

4. Die tradisioneel Engelse opvattinge versprei na Transvaal en later ook na die Oranje Vrystaat⁴⁵⁾

Die ontdekking van diamante het wel baie Engelssprekendes na die Kiberleygebied gebring, maar hierdie diamantvelde het deel van Kaapland geword. Gevolglik het dit nie veel invloed op die Christelik georiënteerde onderwys van die Oranje Vrystaat gehad nie. Maar die ontdekking van goud, eers in die berge van Oos-Transvaal en later aan die Witwatersrand, het aansienlike getalle Engelssprekendes tot ver binne die grense van die Zuid Afrikaanse Republiek gebring. Die Engelse is ook 'n tradisievolle volk en daarom was dit onvermydelik dat botsings tussen die radikaal verskillende denkrigtings van Boer en Brit sou plaasvind. Tot die jaar 1900 was die beheer van die onderwys van die Boererepublieke in die hande van die Boer, maar daarna het die welslae van die Britse weermag in die Tweede Vryheidsoorlog die onderwys in die hande van die Brit geplaas, soos dit in Kaapland en Natal reeds was. Ingrypende veranderinge in die bestaande Christelik-nasionale onderwys kon dus verwag word.

Maar nog voor die oorlog was die Engelssprekende gemeenskap, veral aan die Witwatersrand, reeds baie ontevrede met die bestaande onderwys. Hulle was veral gekant teen die volksraadsbesluit van 1892 wat bepaal het dat die Engelse skole ook die staatsubsidie kon ontvang op voorwaarde dat Hollands vyf uur per week, d.w.s. vir 20% van die totale skoolweek, die voertaal moes wees. Indien Hollands as skoolvak in die Engelse skole ingevoer is, sou dit beteken dat baie min, indien enige, van die tyd bestee aan die ander vakke vir die onderrig deur medium van

⁴⁴⁾ Pistorius, P. Op. cit., p. 308-310 en Snyman, J.J. Op cit., p. 97-100

⁴⁵⁾ Pistorius, P. Op. cit., p. 310-320, Coetzee, J.C. Red. Op. cit., p. 274-279 en Snyman, J.J. Op. cit., p. 104-112

Hollands afgestaan moes word. Hierdie ontevredenheid het dan gelei tot die stigting van die „Witwatersrand Council of Education."

Die vraag is nou in welke opsigte die Engelse onderwys van Christelik-nasionale onderwys verskil het, sodat dit 'n gevaar ingehou het vir Christelik-nasionale onderwys toe die Britse owerheid die beheer oor die onderwys oorgeneem het.

Die Engelse onderwys sedert 1806 tot die Du Toit-tydperk het reeds aandag geniet in hierdie hoofstuk. Verder is dit nodig om die onderliggende strominge in die denke van die neëntiende eeu kortliks aan te dui, want Engeland het veel meer daarmee in aanraking gekom en die Engelse onderwys is veel meer daardeur beïnvloed as in die geval van Suid-Afrika en die Suid-Afrikaanse onderwys. Die belangrikste strominge vir die doel van hierdie werkstuk is die volgende:⁴⁶⁾

* Die natuurwetenskaplike denkrigting met sy talle vertakkinge het die saak van die godsdiens baie skade aangedoen. Die skynbare verskille tussen die „wetenskap" van Darwin, Comte, Marx, Nietzsche en andere aan die een kant en die Teologie aan die ander kant kan aan verskeie faktore toegeskryf word. Die belangrikste is eerstens die onwetenskaplike aannames, bv. dat liggaamlike ooreenkoms waarborg van geestelike ooreenkoms is, soos deur die Evolusioniste aangeneem, en tweedens die opvatting dat wetenskap 'n suiwer rasionele aangeleentheid is. Hierdie faktore het aanleiding gegee tot die meganistiese lewensbeskouing waarin daar nie plek vir die geloof in Christus is nie.

* Die politieke opvatting dat die land met die meeste en rykste kolonies ekonomies, militêr en kultureel die beste daaraan toe is, het ^{gegee} aanleiding tot die koloniasiebeleid wat gedurende die laaste helfte van die neëntiende eeu tot die verdeling van Afrika gelei het. Dis welbekend hoe Cecil John Rhodes as eksponent van die Britse strewe die ideaal van „die pad na die Noorde" gestel het. Dit het na sy dood dan ook werklikheid geword. Hierdie gedagtestrominge het uitgeloop op 'n nuwe angliseringsveldtog, ook in die onderwys.

* Die liberale denkrigting wou 'n vergelyk tref tussen die talle uiteenlopende strominge, waaronder 'n Christelike wat ten spyte van die humanistiese oorwig, nog steeds bly voortleef het. Die ideaal was 'n sintese van antroposentriese en teosentriese opvattinge met die doel om 'n hegte volks- en wêreldeenheid tot stand te bring. Daarom moes skoliere

⁴⁶⁾ Lees ook Hanekom, T.N. Op. cit., hoofstuk I

„oop" wees vir alle opvattinge en moes hulle vry wees om self te kies wat hulle wil volg sonder enige beïnvloeding. Die onwankelbare Calvinistiese opvattinge van die Boere is dan bestempel as „,narrowminded".

* Die pragmatistiese leer van veranderlikheid het sy beslag gekry in die geskrifte van G. Stanley Hall en W. James. Volgens hierdie leer is dit verkeerd om vas te klou aan ~~die~~ sekere onveranderlike waardes, soos die Calvinisme doen.

Hierdie strominge het die volgende Christelik-nasionale onderwysbeginsels tot in die kern geraak:

- * Die integrasie van Bybelse en sekulêre inhoude
- * Samewerking tussen kerk en skool
- * Moedertaalonderrig
- * Die behoud van die volkseie

Teen hierdie agtergrond het Sargant in 1900, toe hy deur Lord Milner as Direkteur van Onderwys oor die kampskole in die Oranje Vrystaat en Transvaal aangestel is, sy onderwystaak aangepak.⁴⁷⁾ Sy reëlins was nie statutêre wette nie, maar was net so effektief. Hy het in die onderwys 'n unieke geleentheid tot die implementering van die Engelse lewensbeskouing gesien, baie op dieselfde patroon as Somerset. Die Bybel is wel nie uit die skool verwyder nie en Godsdiensoonderrig is deur medium van Hollands aangebied, maar daar het die tegemoetkoming vir Christelik-nasionale onderwys opgehou. Alle ander onderwys was tipies Engels en die voertaal was ook Engels. Verder het Sargant sowat 300 Engelse onderwysers ingevoer. Dit was wel deels te wyte aan die nypende tekort aan opgeleide onderwysers, maar dit het nietemin 'n guld~~e~~geleentheid vir die implementering van Engelse onderwysbeginsels gebied. By latere geleenthede is nog meer ingevoer, sodat in 1903 byna twee-derdes van die totale onderwyspersoneel in Transvaal uit Engelstaliges bestaan het.

In 1903 tree die eerste onderwysordonnansie van Transvaal in werking.⁴⁸⁾ Dit het groot ooreenkoms met die Kaapse wetgewing vertoon, en selfs die sillabusse wat as gevolg daarvan vir skole voorgeskryf is, was navolgings van die Kaapse sillabusse. Daarmee is nog 'n poging aangewend om Christelik-nasionale onderwys uit die skole te weer. Godsdiensoonderrig is wel behou, maar verder het feitlik niks van die tradisionele onderwys oorgebly nie. Hoewel daar voorsiening gemaak is vir skoolkomitees, was dit nie 'n geval van ouerverteenwoordiging nie, omdat die lede

⁴⁷⁾ Pistorius, P. Op. cit., p. 313

⁴⁸⁾ Ibid., p. 314

aangestel en nie verkies is nie.

Die Boere het nie sommer genoeë geneem met die denasionaliseringsveldtog en die ^rvedringing van Christelik-nasionale onderwys nie.⁴⁹⁾

Die na-oorlogse Christelik-nasionale onderwysbeweging was bedoel om in privaatskole die tradisionele onderwys te behou. Die leiers vir hierdie saak het twee eise van kardinale belang gestel, nl. medeseggenenskap van die ouers by die aanstelling van onderwysers en gelyke beregtiging van Hollands en Engels. Dit raak die nasionale aspek van Christelik-nasionale onderwys tot in die kern. Die Britse owerheid wou egter nie hieraan toegee nie.

In 1905 wen die Liberale Party die Britse verkiesing. Lord Milner word deur Lord Selborne as goewerneur vervang.⁵⁰⁾ Laasgenoemde neem dan ook 'n liberaler standpunt in en laat die Boere meer dinge toe. Die bekende Selborne-memorandum volg.⁵¹⁾ Daarin word onder andere bepaal dat die ouers die skoolkomiteelede moet kies, soos die voorstanders van Christelik-nasionale onderwys geëis het, terwyl slegs een-derde van die lede van die skoolrade deur die regering aangestel sou word. In die saak van moedertaalonderrig is ook 'n bietjie toegegee. Hollands is by aanvangsonderrig as voertaal toegelaat, maar met die uitdruklike verstandhouding dat Engels die medium moes word sodra die leerlinge dit genoegsaam aangeleer het, en dat dit nog voor die kinders in st. III kom, moes gebeur. Gelyke taalregte is daarmee nog glad nie verkry nie, en die beginsel van moedertaalonderrig is aansienlik afgewater.

Hierdie toegewings was nog hoegenaamd nie genoeg om die Boereleiers te laat afsien van die privaatskole met Christelik-nasionale onderwys nie. Die verspreiding van die Engelse opvattinge as gevolg van die optrede van die Britse owerhede het dan daartoe gelei dat die saak van Christelik-nasionale onderwys baie skade berokken is. Die reeds geïmplementeerde Christelik-nasionale onderwysbeginsels is beveg, en hoe wel nie vernietig nie, het die staatskole tog die hoogste inskrywing gehiet.

⁴⁹⁾ Ibid., p. 316

⁵⁰⁾ Ibid., p. 317

⁵¹⁾ Ibid., p. 317-318

5. Die Smutswet (Wet 25/1907)⁵²⁾

Genl. J.C. Smuts was na die Tweede Vryheidsoorlog aanvanklik 'n kampvegter vir Christelik-nasionale onderwys. Maar nadat hy Koloniale Sekretaris en Minister van Onderwys in Transvaal geword het, het hy in dié posisie beland waar hy eintlik nie teen die Britse regering kon kant kies nie en dus in der waarheid verplig was om 'n vergelyk te probeer tref tussen die uiteenlopende opvattinge van die twee blanke bevolkingsgroepe. Verder het hy as voorstander van Holisme dit sy plig geag om bevolkingseenheid tot maksimale omvang te probeer uitbou. Hiermee het sy wysgerige opvattinge aanklank gevind by die politieke strewe van 'n Britse wêreld-, „empire”.⁵³⁾

Smuts was deeglik bekend met die onderwysopvattinge van sowel die Boere as die Britte, en gemeet aan sy holistiese gedagtes, was daar veel meer in die Britse opvattinge wat aanneemlik was ^{as} in die tradisioneel Suid-Afrikaanse. Holisme en die onwrikbare Calvinistiese opvattinge kan nou eenmaal nie met mekaar gerym word nie.⁵⁴⁾

Toe Smuts die nuwe onderwyswet geformuleer het, het hy hom hoofsaaklik deur die Selborne-memorandum laat lei. As ervare regsgeleerde het hy egter 'n veel deegliker werkstuk gelewer. Sy onderwyswet van 1907 was so weldeurdrag dat dit sonder teenstem deur die wetgewers aanvaar is. Daar was aanvanklik slegs enkele teenstanders van Boerekant buite die parlement, en verder is die wet deur Christelik-nasionale en Britse onderwysleiers aanvaar. Daarmee is 'n plotselinge einde aan die Christelik-nasionale privaatonderwys gemaak.⁵⁵⁾ Die praktiese implikasies van die Smutswet het later egter baie meer teenstanders tot gevolg gehad. Vanuit die suiwer Christelik-nasionale standpunt beskou, kan daar dan ook baie kritiek op hierdie wet gelewer word. Dit het nogtans die basis van latere onderwyswetgewing in Transvaal, die Oranje Vrystaat, Natal en in 'n mindere mate in Kaapland en Suidwes-Afrika geword.⁵⁶⁾ Dit is dan nodig om 'n vergelyking van die bepalinge van hierdie wet en Christelik-nasionale onderwysbeginsels te maak.

⁵²⁾ Snyman, J.J. Op. cit., veral p. 194-270 en Van der Schijff, W.G. Op. cit., p. 244-253

⁵³⁾ Pistorius, P. Op. cit., p. 321-323

⁵⁴⁾ Ibid., p. 323

⁵⁵⁾ Coetzee, J.C. Red. Op. cit., p. 280

⁵⁶⁾ Die onderwysordonnansies word bespreek op p. 235-242 hieronder.

Die behoud van Godsdiensonderrig in die skool en die groter ouerseggenkap van die Selborne-memorandum is in die Smutswet behou. Hiermee was beide Boer en Brit tevrede. Maar die soort Godsdiensonderrig wat toegelaat is, het veral van die kerk se kant af baie kritiek uitgelok. Die beginsel dat geen leerstellings wat kenmerkend van bepaalde godsdienstige denkrigtings is, toegelaat mag word nie, het beteken dat die belydenisskrifte van die Calvinisme nie in die skool behandel mag word nie. En met die toename in sektarisme en Rooms-Katolieke geloofsgroepe het talle tradisioneel aanvaarde kerklike gebruike in die gedrang gekom. Die saak van klein- of grootdoop, gepaard met besprenkeling of onderdompeling, is maar een voorbeeld. Die gevolg van dit alles was dat onderwysers gedurig op hulle hoede moes wees om nie op andersdenkendes se tone te trap nie.

Hierdie vorm van Godsdiensonderrig het daartoe aanleiding gegee dat slegs 'n afgewaterde soort ~~van~~ onderwys bly voortbestaan het. Onderwysers is nie teoloë nie, en juis na aanleiding van die Smutswet en latere wetgewing wat hierdie beginsel van opsetlike omseiling van dogmatiese leerstellings behou het, het onderwysersopleiding ook geemvoersiening gemaak vir studie van teologiese verskille nie. Dit kan ook nie gedoen word nie tensy onderwysers of studente op eie inisiatief en buite skoolverband so 'n studie onderneem. Daarom kan onderwysers nie anders as om oorversigtig te wees met die interpretasie van Bybelse kennis nie. Die liberalistiese gedagte dat die kind nie beïnvloed mag word om só of só te dink nie, is dan in hierdie wetsbepaling duidelik sigbaar. Hierdie opvatting kan net nie met suiwer Christelik-nasionale onderwys gerym word nie. 'n Deel van die Christelik-nasionale onderwysbeginsels wat reeds geïmplementeer was, is dus uit die onderwys verwyder.⁵⁷⁾

Hierdie wetsbepaling maak dit moeilik om enige samewerking tussen kerk en skool te verkry. Streng gesproke is dit 'n oortreding van die wet as 'n predikant van een van die drie susterskerke die leerlinge gedurende 'n saalbyeenkoms toespreek. Hy mag net uit die Skrif voorlees, maar sodra hy dit uitleë, of selfs 'n gebed doen, of 'n psalm, gesang of ander gewyde lied laat sing, doen hy iets wat nie inpas by die geloofsoortuiging van alle mense nie en loop hy gevaar om aanstoot te gee.⁵⁸⁾

⁵⁷⁾ Coetzee, J.C. Red. Op. cit., p. 280

⁵⁸⁾ In praktyk word hierdie wetsbepaling nie streng nagekom nie, en besoek predikante wel skole en spreek hulle die leerlinge toe. -229-

Die groter seggenskap van die skoolkomitees lyk op die oog af na die aanvaarding van 'n Christelik-nasionale onderwysbeginsel, nl. die samewerking tussen huis en skool.⁵⁹⁾ Maar die praktiese implementering het tog nie die hartlikste samewerking verseker nie. Die paar skoolkomitee-lede is wel betrek, maar 'n gunstige atmosfeer vir die ander ouers om hulle pligte op die skouers van die skoolkomitee-lede te laai, is geskep.⁶⁰⁾ Verder is in sommige gevalle waar ouers se samewerking van kardinale belang is, die deur net vir skoolkomitee-lede geopen, bv. in die geval van aanbevelings vir die aanstel van onderwysers. Dit het makliker as ooit tevore geword, ^{vir die ouer} om sy kind skool toe te stuur en hom daarna glad nie te steur aan wat met die kind in die skool gebeur nie. Daarmee kan ouers selfs vandag nog hulle doopbelofte ontduik. En omdat die mens juis geneig is tot die kwaad, gebeur dit ook werklik in baie gevalle.⁶¹⁾

Die feit dat Boer en Brit ingenome was met die Smutswet kan daaraan toegeskryf word dat die nadeligheid van verdeeldheid in twee groepe blankes, die Afrikaans- en Engelssprekendes, beseft is, en dat die Boere ook hulle generaal uit die tweede vryheidstryd, wat later 'n kampvegter vir Christelik-nasionale onderwys geword het, ten volle vertrou het. As 'n soortgelyke wet deur 'n Engelstalige voorgestel was, kon die reaksie van Boerekant heel moontlik anders gewees het. Wat ook duidelik merkbaar is, is dat die Boere nie die volle implikasies van hierdie wet beseft het nie, net soos hulle met unifikasie, toe Genl. Louis Botha en nie John X. Merriman nie, die eerste premier van die Unie van Suid-Afrika geword het, nie die volle implikasies van hierdie stap beseft het nie.

⁵⁹⁾ Ibid., p. 280-281

⁶⁰⁾ Daar kan geargumenteer word dat dit nie die stelsel se skuld is nie, maar die ouers s'n. Maar die feit dat ouer-onderwyserverenigings reeds ongeveer 20 jaar lank bestaan, en dat onderwysmanne, o.a. Prof. H.J.J. Bingle, reeds meer as 20 jaar gelede genader is om leiding in hierdie verband, bewys dat daar wel 'n gebrek in die stelsel bestaan. Skrywer se 36 jaar onderwyservaring bevestig die bewering dat sommige ouers wel die houding aanneem dat die skoolkomitee alle pligte van die ouers op hulle moet neem. Dit het al dikwels gebeur dat persone nie op skoolkomitees wou dien nie omdat hulle nie die baie pligte wat daarmee saamval, soos hulle gemeenskap het, op hulle skouers wou neem nie.

⁶¹⁾ Hierdie sake word weer onder oë geneem op p. 260 hieronder.

Bewys hiervoor word gevind in die latere verset van Boereleiers soos Ds. (later Prof. Dr.) J.D. du Toit en politici onder leiding van Genl. J.B.M. Hertzog.⁶²⁾

Die beginsel van staatsbeheer wat in die Smutswet gehandhaaf is, was teen hierdie tyd nie meer 'n nuwigheid nie. Maar die Unieregering was aanvanklik glad nie so Christelik-nasionaal georiënteer soos die regerings van die Boererepublieke nie. Trouens, die meeste parlamentslede was Engels of hulle was diep onder die invloed van die Engelse denke. Dit was die dae toe die verteenwoordigers van Kaapland en Natal veel meer in getal was as dié van Transvaal en die Oranje Vrystaat, en hoewel alle Kapenaars nie Engels georiënteerd was nie, was daar aansienlike versterkings vir hierdie denkrigting aan die Witwatersrand te vinde. Die slotsom is dat die staatsbeheer oor die onderwys van die Unie van Suid-Afrika en dié van die Boererepublieke totaal verskillend was.

Hierdie staatsbeheer het 'n verdere implikasie gehad. Dit het daartoe gelei dat die kind na die skool gebring moes word, terwyl dit in die geval van Christelik-nasionale onderwys andersom was: Skole is in die verste uithoeke van die land en so na as moontlik aan die kinders se ouerwonings opgerig.⁶³⁾ Hierdie beleid van sentralisasie het sy hoogtepunt in die dertigerjare van hierdie eeu bereik. Toe is baie platte-landse skooltjies gesluit en die kinders moes „sentrale" skole besoek. Die skoolbusdiens is ingestel vir die kinders wat ver van die skool gewoon het. Waar die bus nie doeltreffend was nie, is skoolkoshuise opgerig.⁶⁴⁾ In albei gevalle was die kinders nou baie langer van hulle ouerhuise af weg, sodat die opvoedingsgeleenthede van die ouers ingekort is.

Die onderwyspersoneel is kragtens die Smutswet nie meer op dieselfde basis as in die dae van Christelik-nasionale onderwys gekeur nie. Die klem sou voortaan veel meer op akademiese bedrewenheid en professionele opleiding val, maar daar was geen bepaling dat onderwysers aan een of ander godsdienstige vereiste moes voldoen nie. Die skoolkomitees het slegs aanbevelings vir aanstellings gedoen, maar die finale aanstellings is deur die amptenare van die Onderwysdepartement gedoen,⁶⁵⁾ soos

⁶²⁾ Coetzee, J.C. Red. Op. cit., p. 285

⁶³⁾ Pistorius, P. Op. cit., p. 312

⁶⁴⁾ Ibid., p. 325 en 337

⁶⁵⁾ Ibid., p. 325

dit vandag nog die geval is. So is die deur dan geopen vir onderwysers wat die saak van Christelik-nasionale onderwys vyandig gesind is. Slegs wanneer die amptenare wat die aanstellings doen, self Christelik-nasionaal gesind is, kan skoolkomitees wat onderwysers aanbeveel wat ook so gesind is, verwag dat hulle wense uitgevoer sal word.

Die onderwysdoel soos deur die Smutswet geïmpliseer, het heeltemal op horisontale vlak geval. Dit omsluit die gedagte van nasionale eenheid wat weer verder en verder uitgebrei moet word tot 'n wêreldteenheid met een wêreldtaal en een internasionale welsynstrewe. Om die liberale gedagte van die ander man tegemoet te kom, is ook hierin te lees. So het die onderwysdoel heeltemal weggeswenk van die hiernamaals om 'n suiwer humanistiese kleur te kry. Selfs die nasionale aspek moes plek maak vir 'n internasionale aspek.⁶⁶⁾

Hierdie onderwysdoel kon net 'n afbrekende uitwerking op Christelik-nasionale onderwys hê. Maar as gevolg van die godsdienstvastheid van die Bber is hierdie doel (van die Smutswet) nooit volledig nagestreef nie.⁶⁷⁾

Toe Smuts die wet opgestel het, was die tweetaligheidsideaal nie meer iets nuuts nie. Heel vroeg in die geskiedenis van die republieke, so staan daar opgeteken in die wetgewing, moes leerlinge Engels op skool aanleer en is daar voorkeur gegee aan onderwysers wat tweetalig was.⁶⁸⁾ Mansveldt het bepaal dat vyf uur per week aan die tweede taal bestee moes word, en hiermee was die Britte ontevrede.⁶⁹⁾ Nou het Smuts probeer om 'n versoening te bewerkstellig. Die betrokke wetsbepaling het daarop neergekom dat elke skoolkind toegelaat is om Hollands te leer (dus sonder verpligting soos in die Mansveldt-tyd), terwyl elkeen verplig was om Engels te leer,⁷⁰⁾ sodat kennis van hierdie taal "... kom meehelp om die kind te laat inskakel by die wêreld-, „empire". Dit was nog 'n terugslag vir die nasionale aspek van Christelik-nasionale onderwys aangesien dit 'n duidelike poging tot anglisering was.

⁶⁶⁾ Ibid., p. 321-323.

⁶⁷⁾ Die empiriese ondersoek het aangetoon dat Christelik-nasionale onderwys glad nie dood is nie, al is dit swaar gewond. Lees p. 263.

⁶⁸⁾ Onderwyswet van 1866 van die Zuid Afrikaanse Republiek. Lees Coetzee, J.C. Red. Op. cit., p. 265.

⁶⁹⁾ Pistorius, P. Op. cit., p. 310.

⁷⁰⁾ Ibid., p. 325 en Coetzee, J.C. Red. Op. cit., p. 280.

Verder is bepaal dat slegs personeellede van 'n besondere skool toegelaat sal word om onderrig aan sodanige skool te gee, ook Godsdiens=onderrig.⁷¹⁾ Die ideaal dat die predikant hierdie onderrig moet waarneem of ten minste behulpsaam moet wees, is daarmee verwerp. Indien die onderwysers so opgelei is dat hulle Godsdiens- en alle ander onderrig volgens Christelik-nasionale beginsels kan waarneem, kan teen so 'n ^{bepaling} ~~bepaling~~ geen beswaar ingebring word nie. Trouens, onderwysers is professioneel opgelei vir die onderrig en predikante nie. Maar die probleem was juis dat onderwysers nie verplig was om so 'n studie te onderneem nie en dat die groot aantal Engelse onderwysers beslis daarteen gekant sou wees. Solank die ⁵ ~~dekulêre~~ onderwys dus bevredigend was, was alles in die haak.

Nog 'n bepaling wat die Christelik-nasionale onderwysbeginsels raak, was dat die staat alle fondse moes voorsien.⁷²⁾ Dit het in praktyk nog nooit gebeur dat ouers geen bydrae moes lewer nie. Hoewel die „skoolgeld“ afgeskaf is, was dit nog altyd nodig om dit of dat uit die skoolfonds aan te skaff, of om ouers te vra om sekere benodigdhede waarvan daar te min in die skool se voorraad was, vir hulle kinders aan te koop. Desnieteenstaande is die ouers se bydrae gering vergeleke by dié van die staat.

Teen hierdie beginsel het Du Toit en andere reeds voorheen al beswaar gemaak, juis omdat die staat daardeur die beheer van die onderwys uit die hande van die kerk geneem het.⁷³⁾

Per slot van sake wou die Smutswet maar min van die reeds geïmplementeerde beginsels van Christelik-nasionale onderwys behou. Die Engelse opvattinge het veel meer aandag geniet. Maar in praktyk was die uitwerking van hierdie wet nie so vernietigend vir Christelik-nasionale onderwys as wat dit op die oog af gelyk het nie.⁷⁴⁾

6. Nasionale wetgewing 1909 tot 1966

(a) Die Suid-Afrikawet, 1909

Die grondwet van die Unie van Suid-Afrika het, vir so ver dit die onderwys raak, voortgebou op die Smutswet. Enkele wysigings van belang verdien egter aandag:

⁷¹⁾ Ibid., p. 324

⁷²⁾ Ibid., p. 325.

⁷³⁾ Lees p. 220-223 hierbo.

⁷⁴⁾ Lees ook p. 254-263 hieronder.

* Hollands en Engels word as gelykwaardige amptelike tale erken. Daarby is gevoeg dat moedertaalonderrig tot st. IV moes voortduur en dat die ouers daarna die keuse sou hê of hulle kinders geheel of gedeeltelik deur medium van die ander taal onderrig moet word. Hiermee is gevorder op die pad van moedertaalonderrig, maar dit het meegebring dat daar na st. IV nog baie geleentheid vir verwerping van hierdie Christelik-nasionale onderwysbeginsel was.⁷⁵⁾

* Die beginsel van staatsbeheer is slegs in 'n geringe mate gewysig. Die geleentheid om een sentrale owerheid vir die onderwys in die Unie van Suid-Afrika in die lewe te roep, is nie benut nie as gevolg van teenkanting van die Engelssprekendes.⁷⁶⁾ Die Natallers was nie te vinde vir samewerking met die Afrikaanssprekende gemeenskappe nie. Die probleem van verdeelde beheer wat later al hoe groter afmetings aangeneem het, het die nasionale aspek van Christelik-nasionale onderwys geraak. Dit het nie net te doen gehad met die kloof tussen die taalgroepe nie, maar het aanleiding gegee tot provinsiale verskille wat selfs nie deur die wetgewing van 1967 en 1969 uit die weg geruim is nie, aangesien daar nog steeds ses onderwysdepartemente (as Suidwes-Afrika ingesluit word) te vinde is.

* Finansiering het die plig van die staat gebly. Al verskil wat gemaak is, ^{is} dat die regering subsidies aan die provinsiale owerhede oorbetaal en dat lg. self die verdere middele vir die onderwys moet voorsien.⁷⁷⁾

(b) Die Hertzogwet, 1925

Tot hierdie jaar toe is Hollands amptelik as die moedertaal van die Afrikaanssprekende gemeenskap beskou. Die vroeëre pogings tot moedertaalonderrig het dus eintlik in 'n verkeerde rigting beweeg. Met die aanname van die Hertzogwet kom daar 'n einde aan hierdie probleem, aangesien Afrikaans, die ware moedertaal, nou as sodanig erken word.⁷⁸⁾ Die verhouding tussen moeder- en tweede taal sou egter eers heelwat later so goed as moontlik bepaal word. Hierdie wet het nietemin 'n belangrike bydrae tot die implementering van 'n belangrike Christelik-nasionale onderwysbeginsel gelewer.

⁷⁵⁾ ~~Geetzee~~, J. C. Red. Op. cit., p. 287

⁷⁶⁾ Ibid., p. 288 en 294

⁷⁷⁾ Ibid., p. 291

⁷⁸⁾ Pistorius, P. Op. cit., p. 332

(c) Die Nasionale Adviserende Onderwysraad, 1962

Hierdie liggaam was waarskynlik die belangrikste van 'n hele aantal liggame en kommissies van ondersoek wat van owerheidsweë ingestel is om die onderwys te probeer verbeter.⁷⁹⁾ Een van die sake wat prominente aandag geniet het, is Christelik-nasionale onderwys. Hierdie liggaam het dan ook 'n belangrike bydrae tot die wetgewing van 1967 en 1969 gelewer. Sy werk is nog glad nie afgehandel nie.

7. Die provinsiale onderwysordonnansies en ook dié van Suidwes-Afrika

(a) Inleiding

Die beginsel van differensiasie op grond van verskille in geloofs-oortuiging, vir so ver dit die onderwys betref, is nog nooit in Suid-Afrika geïmplementeer nie. Die feit dat Mohammedaanse kinders nie in dieselfde skole as blanke Christenkinders aangetref word nie, is die gevolg van differensiasie tussen Indiër en Blanke. Gevolglik moet in elke skool, veral dié wat deur blanke kinders besoek word, voorsiening gemaak word vir 'n verskeidenheid geloofsoortuigings wat soms radikaal verskil. Verder moet die meer liberaal georiënteerde lewensbeskouing van die Engelstaliges in aanmerking geneem word. In die geval van bepalings wat differensieer op grond van die moedertaal word vir die verskille tussen Afrikaans- en Engelssprekendes se benadering slegs gedeeltelik voorsiening gemaak omdat so baie gevalle waar die ouers een Afrikaans- en die ander Engelssprekend is, aangetref word. Die tradisionele opvattinge van Boer en Brit is ook nie meer tot die taalgroepe beperk nie. Die gevolg hiervan was dat heel vroeg in die geskiedenis aangeteken staan dat daar een of ander wetsbepaling wat oor hierdie saak handel, aangeneem is.⁸⁰⁾

(b) Uittreksels uit die onderwysordonnansies

(i) Die Onderwysordonnansie van Transvaal

, Art. 53

Godsdiensonderrig in openbare skole

(1) In elke openbare skool begin die skooldag met gebed en die lees van 'n gedeelte uit die Bybel.

(2) Behoudens die bepalings van hierdie hoofstuk word godsdiensonderrig in elke openbare skool vir en op sodanige tye gegee as wat

⁷⁹⁾ Ibid.

⁸⁰⁾ Bv. die Burgerswet. Lees p. 219-220 hierbo.

die Direkteur mag voorskryf: Met dien verstande dat die onderrigtyd in laer skole minstens twee uur per week en in middelbare skole minstens een uur per week moet wees: Voorts met dien verstande dat niks in hierdie subartikel of subartikel (1) vervat van toepassing is op 'n openbare skool wat hoofsaaklik ingestel is en onderhou word vir of grootliks besoek word deur kinders van nie-Christenouers tensy sodanige skool deur kinders van Christenouers besoek word, en in hierdie geval moet daar op skriftelike aansoek van die Christenouers voorsiening gemaak word vir hulle kinders om godsdiensoonderrig te ontvang.

(3) Indien die ouer van 'n leerling wat enige openbare skool bywoon die hoofonderwyser daarvan skriftelik versoek dat die leerling vrygestel word van godsdiensoonderrig, moet die leerling vrygestel word totdat die versoek teruggetrek word.

(4) Geen bepaalde leer of dogma wat onderskeidend is van 'n besondere godsdienstige gesindte of sekte, mag in enige openbare skool gedoseer word nie.

(5) Geen onderrig in die Bybelgeskiedenis mag in enige skool gedurende skoolure gegee word deur enigiemand anders as 'n onderwyser wat lid van sodanige skool is.

(6) Geen hoofonderwyser of enige assistentonderwyser wat vir die algemene welsyn van 'n klas of groep of afdeling verantwoordelik is, word as lid van die personeel van 'n openbare skool toegelaat of gehou nie, tensy hy òf bereid is om sonder gewetensbeswaar godsdiensoonderrig te gee soos by hierdie artikel vereis, òf aan die Direkteur enige beswaar voorlê wat hy daarteen mag hê om sodanige onderwys te gee."

(ii) Die Onderwysordonnansie van die Kaap die Goeie Hoop
, Art. 187

Elke onsektariese skool word daaglik geopen met die Onse Vader of 'n ander gebed, of met 'n ander gebed en die Onse Vader, en met die lees van 'n gedeelte uit die Bybel; met dien verstande dat geen leerling wat so 'n skool besoek, verplig is om aanwesig te wees wanneer dit gedoen word as die ouer van so 'n leerling skriftelik te kenne gee dat hy dit nie verlang nie.

Art. 188(2)

In elke onsektariese skool word godsdiensoonderrig sonder opmerking of kommentaar deur een of meer van die onderwysers gegee

ooreenkomstig die kategismus deur die Administrateur by regulasie voorgeskryf, maar nie voordat die meerderheid ouers van die leerlinge wat kragtens subartikel (1) godsdiensonderrig ontvang skriftelik versoek dat onderrig ooreenkomstig sodanige kategismus gegee word.

Art. 188(4)

Ondanks enige bepalinge van die voorafgaande subartikels,

(a) is geen leerling wat so 'n skool soos vermeld besoek, verplig om by die godsdiensonderrig aanwesig te wees as die ouer van so 'n leerling skriftelik enige gewetensbeswaar teen sodanige onderrig te kenne gee nie, en

(b) is geen onderwyser verplig om godsdiensonderrig te gee of daar= by aanwesig te wees as hy enige gewetensbeswaar daarteen te kenne gee nie, en word geen onderwyser op enige wyse benadeel omrede hy sodanige beswaar te kenne gegee het nie."

(iii) Die Onderwysordonnansie van Natal

,,Section 13

Religious instruction

(1) In any Government school the day shall begin with prayer and reading of a portion of the Bible, and, save as hereinafter provided, the reading of the Bible and explanation of the fundamental principles of religion and morality inculcated therein, shall form a recognized part of the school course and shall be given in all standards, and, as far as possible, during the first period of the day; provided that nothing hereinafter contained shall apply to schools established and maintained primarily for or attended mainly by children of non-Christian parents, unless there be in attendance any such school children of Christian parents, in which case provision shall be made at the request in writing of parents of such last-mentioned children for their religious instruction, any such provision being contingent upon there being one or more Christian teachers on the staff of any such school.

(2) No child whose parent has notified the principal in writing of his desire that such child shall not receive religious instruction, shall be compelled to receive such instruction, neither shall he be compelled to take part in morning devotions, and no child so exempted shall be penalised in any respect by reason of such exemption.

(3) No doctrine or dogma peculiar to any religious denomination

or sect shall be taught during the school hours in any Government school.

(4) No religious instruction shall be given during school hours by any person other than a teacher on the staff of such school.

(5) The time to be devoted to religious instruction in the various standards of Government schools shall be prescribed by regulation."

(iv) Die Onderwysordonnansie van die Oranje Vrystaat
, Art. 48

(1) In elke openbare skool begin die skooldag met gebed, sang en voorlees van 'n gedeelte uit die Bybel.

(2) Behoudens die bepalinge van subartikel (5), word godsdiensonderrig as 'n verpligte skoolvak beskou en word onderrig daarin gegee —

(a) aan elke leerling op die volkskool, vir hoogstens een en minstens 'n halfuur op elke skooldag; en

(b) aan elke leerling op 'n middelbare skool, vir minstens een uur en gedurende minstens twee aparte periodes elke week;

met dien verstande dat —

(i) indien moontlik, sodanige onderrig aan die begin van elke skooldag gegee word;

(ii) die tyd wat aan godsdiensonderrig aan 'n volkskool bestee word, deur die kommissie of beherende liggaam van die skool, na oorlegging met die hoofonderwyser, bepaal word; en

(iii) in die geval van enige sodanige bepaling wat betrekking het op 'n skool wat onder toesig van 'n raad is, sodanige raad die bepaling kan wysig indien die ouers wat daarby betrokke is, skriftelik daarteen beswaar aangeteken het.

(3) Geen leerstelling of dogma wat aan 'n besondere godsdiens-tige gesindte of sekte eie is, word gedurende gewone skoolure aan 'n openbare skool gedoseer nie.

(4) In 'n openbare skool word godsdiensonderrig gedurende die gewone skoolure net deur 'n lid van die onderwyspersoneel van die skool gegee .

(5) Geen kind wie se ouer die hoofonderwyser van 'n openbare skool skriftelik meegedeel het van sy begeerte dat die kind nie godsdiensonderrig moet ontvang nie, is verplig om die gewone gods-

diensoefening of 'n klas in godsdiensoonderrig aan die skool by te woon nie, en sodanige kind ly, as gevolg van die nie-bywoning, geen nadeel by die skooleksamens of inspeksies nie."

(v) Die Onderwyswet van Suidwes-Afrika

Art. 112

Iedere skool onder die beheer van die Departement tensy dit 'n skool is wat opgerig is vir die onderrig van ~~kinders~~ ^{kinders} van nie-kristenouers, word daaglik geopen met gebed en deur 'n gedeelte uit die Bybel te lees; maar van geen leerling van sulke skool bywonende word verlang teenwoordig te wees wanneer dit plaasvind as die ouer van sulke leerling skriftelik 'n teenoorgestelde wens te kenne gee.

Art. 113

(1) . . . met dien verstande dat van geen leerling, wat so 'n skool bywoon, verlang sal word om by sodanige onderrig teenwoordig te wees nie indien die ouer van sodanige kind skriftelik enige gewetensbesware teen sodanige onderrig te kenne gee."

(c) Kommentaar op die onderwysordonnansies

(i) Die bepalinge in verband met 'n bepaalde leer of dogma

Hierdie bepalinge is onvermydelik as daar geen differensiasie op grond van geloofsoortuiging of afwesigheid van geloofsoortuiging gemaak word nie. Maar dan volg daarop noodwendig 'n afgewaterde Godsdiensoonderrig wat reeds in die vorige paragrafe onder die soeklig geplaas is. Dit kan nooit tot 'n volledige implementering van Christelik-nasionale onderwysbeginsels lei nie.

Die bepalinge in die ordonnansie van Kaapland skep die indruk dat daar wel die verkondiging van 'n bepaalde leer toegelaat word, al is dit onderhewig aan sekere voorwaardes. Maar skole in daardie provinsie ondervind presies dieselfde probleme as bv. in Transvaal, sodat die onderwysers in ^{die} praktyk tog versigtig moet wees om nie op andersdenkendes se tone te trap nie.⁸¹⁾

(ii) Opening met Skriflesing en gebed

Dit pas baie goed in by Christelik-nasionale onderwys, maar dan moet nogmaals daarop gewys word dat die geloofsoortuiging van die mens

⁸¹⁾ In Kaapland is nooit enige voorsiening vir skeiding volgens geloofsoortuiging ^{gemaak} nie. Lees bv. Coetzee, J.C. Red. Op. cit., Afdeling A, „Onderwys in Kaapland."

meesprek as hy bid, tensy hy slegs die Onse Vader gebruik, sodat die bepaalde leer of dogma deur die gebed tog deurskemer, sodat hierdie wetsbepaling in wese 'n botsing met die bepalings insake die verkondiging van 'n bepaalde leer of dogma inhou. Dis opmerklik dat gewyde sang wat eintlik saam met Skriflesing en gebed moet gaan, verswyg word, behalwe in die ordonnansie van die Oranje Vrystaat. Sodanige lofprysing is egter glad nie onbekend in die skool nie. En die woorde wat gesing word is onder die invloed van 'n bepaalde leer of dogma geskryf! Verder kan die onderwyser se geloofsoortuiging selfs uit sy Skriflesing spreek, aangesien hy dié dele waarop hy hom in besonder beroep ter staving van sy opvattinge, moontlik verreweg die meeste sal lees. Dus, die belemmering van die implementering van Christelik-nasionale onderwysbeginsels wat deur die wet bepaal word, word in die praktyk aanmerklik getemper.

(iii) Die rol van kerkleiers in die Godsdiensonderrig

Dit is baie duidelik dat die wetgewers met die wetsbepalings in verband met hierdie saak nogmaals probeer om 'n bepaalde leer of dogma uit die skool te weer. Die ou ideaal van die predikant wat die Godsdiensonderrig behartig, is dan daarmee heen. In die praktyk is dit egter tog nie buitengewoon, veral in Afrikaansmediumskole, dat predikante die opening waarneem nie. En dan bly dit nie altyd tot Skriflesing, gebed en gewyde sang beperk nie. Die predikant het heel dikwels 'n woordjie op die hart. Skoolhoofde mag selfs vooraf vra dat kort boodskappe gelewer sal word. Hier word die wetsbepalings dus ook nie streng uitgevoer nie.⁸²⁾ Indien die predikant dan wel 'n „kort prekie" lewer, is hy tog met Godsdiensonderrig besig, en word die wet in der waarheid oortree.⁸³⁾ Dus, ook hier het meer van die Christelik-nasionale onderwys oorgebly as wat die wetgewers bedoel het.

(iv) Godsdiensonderrig geen eksamenvak

Onder die huidige ordonnansies is dit nie moontlik om van Godsdiens-

⁸²⁾ Aan die skrywer hiervan is al dikwels gevra waarom dit so selde gebeur dat pastore van die Apostoliese Geloofsending of ander godsdienstige bewegings buite die drie susterskerke gevra word om die opening waar te neem. Dit is duidelik dat hierdie mense ook geregtig voel om hulle leer of dogma aan die kinders bekend te stel.

⁸³⁾ In die empiriese ondersoek is vasgestel dat dit 'n algemene gebruik is dat predikante saalbyeenkomste lei. Lees p. 247-248 hieronder.

onderrig 'n eksamenvak te maak nie, omdat daar altyd voorsiening gemaak moet word vir diegene wat nie die godsdiensonderrigperiode wil bywoon nie, en andersdenkendes. Die ordonnansies van Natal en die Oranje Vrystaat is in die duidelikste taal in dié verband gestel. Daar word dan gesê dat kinders wat van Godsdiensonderrig vrygespreek is, op geen manier hoegenaamd daardeur skade moet ly nie.

As Godsdiensonderrig dan nie 'n eksamenvak is nie, dit wil sê, nie bygereken word vir promosiedoeleindes nie, kan dit so maklik die indruk skep dat dit 'n minderwaardige vak is en dat dit nou nie eintlik saak maak of 'n leerling dit ernstig opneem of nie. Hoofsaak vir baie leerlinge is tog die promovering aan die einde van die jaar.

(v) Die tyd bestee aan Godsdiensonderrig

Die twee tot twee en 'n halfuur per week in die primêre skool en die een uur in die middelbare skool vergelyk maar swak met die tyd afgestaan aan sommige ander vakke. Daar word nie eweveel tyd aan 'n vak soos Afrikaans in alle skole toegesê nie, maar vyf uur per week is niks buitengewoons nie. Dit kan ouer en kind nogmaals onder die indruk bring dat Godsdiensonderrig minder belangrik as bv. Afrikaans of Wiskunde of die tweede taal is.

(vi) Gevolgtrekkings

Die bepalinge in verband met Godsdiensonderrig lei tot die gevolgtrekking dat daar net gedeeltelik aan Christelik-nasionale vereistes voldoen word. Daar is nou wel Godsdiensonderrig in skole, en baie onderwysers benader dié vak wel met die nodige erns, maar die beperkings soos wel as die onverskilligheid, louheid en neigings tot Ateïsme, is almal dinge wat nie ooreenstem met die Christelik-nasionale onderwysideaal nie.⁸⁴⁾

In geen ordonnansie word melding gemaak van die integrasie van Bybelse en sekulêre leerinhoudes nie. Die verskillende bepalinge kan so opgeneem word dat die wetgewers gedink het aan Godsdiensonderrig en die sekulêre vakke as behorende tot afsonderlike wêrelde. Hierdie integrasiebeginsel is egter 'n hoeksteen in die Christelik-nasionale onderwysleer en moes deur die wetgewers eksplisiet in die ordonnansies aangehaal gewees het as hulle Christelik-nasionale onderwys wou hê, al was dit met voorbehoude.

Die Christelik-nasionaal gesinde ouer is egter geregtig op 'n suiwer Christelik-nasionale skool, en by gebrek aan differensiasie op grond van geloofsoortuiging kan aan daardie eis nie voldoen word nie.

⁸⁴⁾ Lees p. 262-263 hieronder.

So is daar dan nog baie ruimte vir implementering van Christelike-nasionale onderwysbeginsels deur middel van die ordonnansies.

8. Die Wet op Nasionale Onderwysbeleid, Wet 39/67, soos gewysig by die Wysigingswet op Nasionale Onderwysbeleid, Wet 73/69

Die Blote feit dat hierdie wet in die Parlement voorgelê is, getuig daarvan dat die regering òf die provinsiale onderwysordonnansies as onvoldoende beskou het òf gevrees het dat een of meer van die provinsiale rade hulle ordonnansies so kon wysig dat dit nie meer aanvaarbaar sou wees vir die regering nie. Dit is verder duidelik dat die wetgewing van 1967 en 1969 nie die provinsiale ordonnansies wou vervang nie, maar slegs 'n breë beleid wou vaslê. Dit is dan die plig van die provinsiale administrasies om hulle ordonnansies binne die beleidsgrense van die wet te wysig, as dit nodig is, en om verder toe te sien dat die gestelde beginsels van die wet in die praktyk geïmplementeer word.

Die bepalings van belang vir hierdie werkstuk lui soos volg:

„Artikel 2⁸⁵)

(1) Die Minister kan, na oorlegpleging met die Administrateurs en die Raad, van tyd tot tyd die algemene beleid wat ten opsigte van onderwys in skole gevolg moet word, bepaal, en wel binne die raamwerk van die volgende beginsels, naamlik dat —

(a) die onderwys in skole wat deur 'n Staatsdepartement (met inbegrip van 'n provinsiale administrasie) in stand gehou, bestuur en beheer word, 'n Christelike karakter moet hê, maar dat die geloofsoortuiging van die ouers en die leerlinge geëerbiedig moet word wat betref godsdiensonderrig en godsdiensstige plegtighede;

(b) onderwys 'n breë nasionale karakter moet hê."

Verder word deur art. 2(2) van dieselfde wet bepaal dat die administrateurs die nodige stappe moet doen om die beleid wat deur die Minister bepaal is, ten uitvoer te bring, en dat onderwysers in hulle opleiding toegerus moet word om uitvoering te gee aan die Minister se beleid.

Hierdie bepalings bevat niks nuuts nie en is so wyd dat 'n mens maklik met die spreekwoordelike wa en span osse daarin kan draai. Geen minister of administrateur of direkteur van onderwys kan dit waag om in besonderhede te bepaal wat 'n Christelike karakter is nie, want dan word onmiddellik op die gebied van die kerk oortree. Gevolglik kan Rooms-Ka-

⁸⁵) Van Wet 39/67

toliek, Calvinis en sektariër hulle almal uitleef in hulle besondere verband en daarop aanspraak maak dat hulle onderwys aan die wetsbepalings voldoen. Maar juis omdat daar geen differensiasie op grond van geloofsoortuiging bestaan nie, was dit nodig om by te voeg dat die geloofsoortuiging van die ouers en leerlinge geëerbiedig moet word. Dit lei dus maar weer tot 'n onderwys waarin sommige Christelike beginsels ter wille van andersdenkendes verswyg moet word. Dit kan nie 'n beter implementering van Christelik-nasionale onderwysbeginsels as die bestaande ordonnansies meebring nie. Dit kan hoogstens die Ateïsme en nie-Christelike godsdienste uit die skool weer. Maar wat van die Jode wat hulle kinders na dieselfde skole as die Christene stuur? As hulle geloofsoortuiging in ag geneem moet word, moet die hele Nuwe Testament sowel as die Protestantse uitleg van die Ou Testament waarvolgens talle gebeurtenisse na Jesus heenwys, verswyg word. Dan bly daar baie min van die tradisionele Calvinistiese opvattinge oor. Dan moet die Godsdiensoonderrig en toepassing van Bybelse beginsels in die sekulêre vakke so afgewater word dat dit glad nie Christelik-nasionale onderwys kan wees nie.

Die bepaling in verband met die breë nasionale karakter⁸⁶) sê ook gans te min om as Christelik-nasionaal beskou te word.

Die skeiding in twee afsonderlike subartikels vir die Christelike en nasionale karakter verbreek die hegte eenheid van die eenduidige begrip Christelik-nasionaal.

Die uitwerking van hierdie wet op die praktyk, dit wil sê die implementering daarvan, regverdig 'n afsonderlike ondersoek.

9. Goewermentskennisgewing R. 2029 van 12 Nov. 1971

In hierdie kennisgewing kondig die Minister die volgende beleid aan:

„Christelike karakter

2. Die onderwys in skole wat deur 'n Staatsdepartement (met inbegrip van 'n provinsiale administrasie) in stand gehou, bestuur en beheer word, moet 'n Christelike karakter hê wat gegrondves is op die Bybel en wat beslag moet kry —

- (a) deur godsdiensoonderrig as verpligte nie-eksamenvak behoudens paragraaf 3 hieronder; en
- (b) die gees waarin en die wyse waarop alle onderrig en opvoedingswerk asook administrasie en organisasie behartig word.

⁸⁶) Art. 2(1)(c) van Wet 39/67

3. By die toepassing van die beleid met betrekking tot die Christelike karakter van die onderwys moet die geloofsoortuiging van die ouers en die leerlinge geëerbiedig word wat godsdiensoonderrig en godsdienstige plegtighede betref.

Nasionale karakter

4. Onderwys wat in skole deur 'n Staatsdepartement (met inbegrip van 'n provinsiale administrasie) in stand gehou, bestuur en beheer of gesubsideer word, moet 'n breë nasionale karakter hê wat beslag moet kry—

(a) deur die doelbewuste uitbouing van elke leerling se kennis van die vaderland, wat taal- en kultuurerfenis, geskiedenis en tradisies, nasionale simbole, bevolkingsverskeidenheid, maatskaplike en ekonomiese omstandighede, geografiese verskeidenheid en nasionale prestasies insluit; en

(b) deur hierdie kennis by elke leerling tot begrip en waardering te laat groei deur middel van die sinvolle aanbieding daarvan by toepaslike fasette van die onderrig van die twee amptelike landstale, vaderlandse geskiedenis, burgerkunde en aardrykskunde in die skoolonderwys, en verder deur die deelname van leerlinge aan nasionale feesgeleenthede en hulle gereelde eerbetoning aan die nasionale simbole, sodat —

(i) dit lei tot 'n gesindheid van patriotisme wat gefundeer is op sy lojaliteit en verantwoordelikheid teenoor die vaderland, sy bodem en sy natuurlike hulpbronne;

(ii) elke leerling daardeur 'n gebalanseerde perspektief sal verwerf; en

(iii) 'n gevoel van eensgesindheid en samewerking bewerkstellig sal word."

Hierdie goewermentskennisgewing verskaf meer besonderhede oor die bedoelings van Wet 39/67. Die volgende sake is betekenisvol:

* Die provinsiale onderwysordonnansies bepaal almal dat Godsdiensoonderrig 'n verpligte skoolvak moet wees.⁸⁷) Dit kan egter nie 'n eksamenvak wees nie, afgesien van enige wetlike bepaling.⁸⁸)

* Par. 2(b) van hierdie goewermentskennisgewing kan vertolk word asof daar gesinspeel word op integrasie van Bybelse en skoolleë leerinhoud, 'n belangrike Christelik-nasionale onderwysbeginsel, maar sonder aan-

⁸⁷) Lees p. 235-239.

⁸⁸) Lees p. 240-241.

vulfting om hierdie ideaal veel sterker en duideliker te stel, kan dit ook opgeneem word asof daar net bedoel word dat 'n voorbeeldige lewenswandel voorgeskryf word. Dan is streng reëls en die voorlewing van die onderwysers genoeg en kom dit nie tot doelbewuste integrasie van Bybelse en sekulêre kennis nie. In vakke soos Geskiedenis en Natuurwetenskap hoef die onderwysers dan nie die Godsplan met die mensheid of die wondere van die skepping aan die leerlinge uit te wys nie. In lg. geval is daar nog steeds 'n mate van skeiding tussen Bybelonderrig en die res van die kurrikulum.

* Die nasionale karakter word veel beter omlin as voorheen. Die kern van die nasionale element⁸⁹⁾ is duidelik waarneembaar, maar die verbintenis met die Christelike element om dit Christelik-nasionaal te maak, ontbreek. Hierdie verbintenis kan egter nie by die aangehaalde par. 4 ingewerk word nie omdat par. 3 vir die soveelste maal bepaal dat die geloofsoortuiging van die ouers en leerlinge geëerbiedig moet word sonder differensiasie op grond van geloofsoortuiging. Die uitbouing van die nasionale strewe kan geskied sonder in agneming van die geloofsoortuiging, en alle leerlinge kan betrek word, aangesien daar geen bepaling wat parallel met par. 3 loop in die geval van die nasionale karakter te vinde is nie. Die slotsom is dat die hegte eenheid van ^{die} Christelike en nasionale fasette van Christelik-nasionale onderwys nie onder die huidige bedeling moontlik is nie.

⁸⁹⁾ Soos beskryf op p. 196-207 hieronder.